15 November 2020

FAMILIE TUISBLAD

Rigters 4

ons storie

Die verhaal van Barak is baie keer ook ons verhaal. Hier moet hy teen n baie sterk kryger veg en hy sien eintlik glad nie daarvoor kans nie.
Waar het julle gesin of iemand in julle gesin onlangs ook voor groot uitdagings te staan gekom waarvoor julle glad nie kans sien nie.

ons nuwe storie

Vertel vir mekaar verhale van onverwagse uitkomste. Dalk was jy op n plek sonder geld en het iemand vir jou n paar note in die hand gestop of het jou motor gaan staan en het daar van uit die vreemste plek vir jou hulp gekom.
Probeer ook telkens die Here se hand daarin sien.

GOD se storie

Debora is die krag in hierdie verhaal. Sy is die een wat vir Barak probeer oortuig om te gaan veg maar hy is bang. Aangesien sy n profetes is gee sy vir Barak die nodige selfvertroue en wil hy h dat sy moet saamkom.
Die verhaal het egter ‘n onverwagse (en grusame) draai.
Vanuit die minste waarskynlike plek kom die oorwinning vir Barak. Die Here werk baie keer so dat Hy ons kom help op maniere n plekke wat ons nooit kon dink nie.

Rituele en gewoontes

Het julle al daaraan gedink dat die Here dalk vir jou of julle as gesin wil gebruik as so n onverwagse hulp aan iemand anders.
Dalk sal dit goed wees om te dink aan iemand of n instansie wat hulp nodig het.
As die Here so iemand of iets op julle harte lê gaan na hulle en vra hoe julle kan help. Dalk sy jy net so verbaas wees oor hoe julle kan help!